

Dié kostelike tweestukkie vir baba is merendeels in regssteke gebrei wat dit selfs vir die beginner moontlik maak om op die proef te stel

samgestel deur ANNINE VAN REENEN

handwerk



BABAPAKKIE IN 'N KITS



Die stelletjie in blou en geel, gebrei in Patons Fairytale-vierdraad, bestaan uit 'n oopknooptruietjie en kortbroekie. Dit is eksklusief vir ROOI ROSE ontwerp en gebrei deur Unispin Ontwerpateljee.

BABAPAKKIE

Patroon deur die Ontwerp-ateljee, UNISPIN

BENODIGDHEDE

Patons Fairytale vierdraad (50-g-bolle); vir elke grootte: 2 bolle blou (B) en 1 bol geel (G); Inox-breinaalde van 2,25 mm en 3 mm; 5 knope, rek vir middelboord van broek.

Gebruik slegs die aanbevole breidraad; ander soorte mag onbevredigende resultate oplewer. Die hoeveelheid breidraad is by benadering, gebaseer op deursneebehoefte.

MATE

Om borsmaat van 41(46) cm te pas; lengte tot skouer 22(25) cm; mounate 12(15) cm.

SPANNING

26 sts en 52 rye = 10 x 10 cm oor reksteek, met 3-mm-Ne.

Gaan jou spanning sorgvuldig na; indien daar te min steke in toetslappie is moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steke; N(e) – naald(e); beg – begin; vlg – volgende; rs – reksteek, elke ry regs; vermeer – vermeerder; vermin –

verminder; oorbl – oorblywende; herh – herhaal; gs – glipsteek; grtgso – glip 1 st, brei 1 st regs, trek gs oor; tes – te-same; gv – gare vorentoe; m1 – maak 1 st deur horisontale lus wat voor vlg st lê, op te tel en in agterkant daarvan te brei; R(V)K – regte(verkeerde) kan van werk; weersk – weerskante.

BAADJIE

VOORPANT

Gebruik 2,25-mm-Ne en G, stel 58(62) ste op en brei 10 rye rs. Slaan oor na 3-mm-Ne en B, brei gs tot werk 13(15) cm lank is vanaf beg**, eindig met 'n VK-ry.

Raglanvorming

Vlg ry: r3, r2tes, r tot laaste 5 ste, grtgso, r3.

Vlg ry: deurgaans r.

Herh dié 2 rye tot 20 ste oorbly. Heg af.

LINKERAGTERPANT

Gebruik 2,25-mm-Ne en G, stel 34(36) ste op en brei soos uiteengesit vir voorpant tot **, eindig met 'n RK-ry.

Vlg ry: r3, r2tes, r tot einde.

Vlg ry: deurgaans r.

Herh laaste 2 rye tot 16(15) ste oorbly. Heg af.

Merk plasing van knope, die eerste ongeveer 1 cm afwaarts van halsrand van agterpant en die laaste sowat 3cm bokant onderste rand, die oorblywende 3 eweredig gespaseer daartussenin.

REGTERAGTERPANT

Soos linkeragterpant, maar met omgekeerde vorming.

Terselfdertyd: moet knoopsgate gebrei word aan middelrand om met merkers aan linkeragterpant ooreen te stem.

Brei 'n knoopsgat só: r3, gv, r2tes, r tot einde.

MOUE (2)

Gebruik 2,25-mm-Ne en G, stel 28(32) ste op, brei 10 rye rs.

Slaan oor na 3-mm-Ne en B, brei rs, vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg 6e ry tot daar 44(50) ste is.

Brei reguit tot mou 12(15) cm lank is, eindig met 'n VK-ry.

Raglanvorming

Soos uiteengesit vir voorpant tot 8 ste oorbly. Heg af.

BROEKIE

Gebruik 2,25-mm-Ne en G, stel 58(62) ste op en brei 4 cm r1-, aw1-rif. Slaan oor na 3-mm-Ne en brei rs tot werk 14(15) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n RK-ry.

Kruisvorming

Vlg ry: r3, r2tes, r tot laaste 5 ste, grtgso, r3.

Vlg ry: deurgaans r.

Herh laaste 2 rye tot 20 ste oorbly.

Brei 6 rye reguit.

Vlg ry: r3, m1, r tot laaste 3 ste, m1, r3.

Vlg ry: r tot einde.

Herh laaste 2 rye tot 56(62) ste op N is.

Brei 10(11) cm reguit.

Vorm agterkant

Vlg ry: r52(56), draai.

Vlg ry: r46(50), draai.

Vlg ry: r40(44), draai.

Vlg ry: r34(38), draai.

Vlg ry: r28(32), draai.

Vlg ry: r22(26), draai.

Vlg ry: r16(20), draai.

Vlg ry: r10(14), draai.

Vlg ry: deurgaans r.

Slaan oor na 2,25-mm-Ne en brei 4cm r1-, aw1-rif.

Heg lossies rifsgewys af.

BROEKSPYPBOORDJIES


Gebruik 2,25-mm-Ne en G, op en r 50(54) ste eweredig gespaseer uit broekspypopening. Brei 10 rye rs en heg lossies af.

Herhaal vir tweede broekspyp.

AFWERKING

Baadjie: werk raglannate toe. Werk sy- en mounate toe. Werk knope vas.

Broekie: werk raglannate toe. Vou riffelboord in helfte na VK om en glipsteek aan binnekant vas om 'n buis vir rek te vorm. Ryg rek deur, werk punte vas en werk opening toe. Moenie pars nie.



Die prag hekelboek deur Ann Starkey bevat dertig eksklusiewe ontwerpe en patrone vir baadjies, topies, truie, komberse, borslappie, broekies en skoentjies. Die hekel-drade wat voorgeskryf word, is vrylik beskikbaar. Die verskillende grootte patrone kan gekombineer word tot pragtige uitrustings. Daar is 'n volkleurfoto van elke uitrusting. Die boek is deur Delos uitgegee.

foto MARIAM GILLAN

patroon verwerk deur SJOUKJE JORDAAN